# TRUITJIES MET KLEURE WAT TINTEL EN TOOI

**Dié onderbaadjie en oortrektrui is ideaal om die somer op 'n vrolik dartelende noot van die toneel af te begelei**

onder redaksie van ANNINE VAN REENEN en patrone verwerk deur SJOUKJE JORDAAN



foto's RIZZOLI

## ◄ Oortrektrui

**BENODIGDHEDE**
Joelle DK (50-g-bolle); ongeveer 150 g wit (W) en 50 g swart (S), klein hoeveelhede blou (B), donkergroen (DG), geel (G), rooi (R) en donkerpienk (DP); breinaalde van 3,50 mm en 4,50 mm; 'n bypassende reserwenaald; stekehouer; paar gram resgare.

**MATE**
Om borsmaat van 87-92 cm te pas.

**SPANNING**
20 ste en 27 rye = 10 x 10 cm oor ks met 4,50-mm-Ne. Pas jou breinaalde by spanning aan indien nodig.

**AFKORTINGS**
r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek (steke); N(e) naald (e); gl – glip; beg – begin; rif – riffelsteek; ks – koussteek; rs – reksteek; herh – herhaal; vlg – volgende; R(V) – regte (verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante; buis-st – buissteek; gv – gare vorentoe; ga – gare agter; awg – aweregsgewys.
**2/2-rif:** riffelsteek in 2 kleure.
**1e ry:** *r2W, r2S* tot einde.
**2e en alle ewe rye:** R die swart ste en aw die wit ste, voer die gare wat nie gebruik word nie aan VK saam.
**3e en alle onewe rye:** Brei kleure en ste soos hulle voorkom.
**Let wel:** Die blomme en motiewe kan ingebrei word, òf hulle kan met duplikaatsteek geborduur word.
**Buissteek** (word gebruik by opstel en afheg van steke waar aangedui).
**Opstelry:** Met resgare, stel die helfte van benodigde ste plus 1 st op.
**Eerste ry:** Met gare wat vir kledingstuk gebruik word, brei: R1, *gv, r1; herh van * tot einde.
**2e ry:** R1, *gv, gl 1 st awg, ga, r1; herh van * tot einde.
**3e ry:** Gl 1 st awg, *ga, r1, gv, sl 1 st awg; herh van * tot einde.
Herh 2e en 3e ry nog een keer.
Brei hierna voort in rif, en verwyder resgare.

**VOORPANT**
**Opstelry:** Gebruik 4,50-mm-Ne en resgare en stel 115 ste op.
**Vlg ry:** Slaan oor na W en brei ks.
Volg diagram en brei tot halsrand.
**Vlg ry:** Heg middelste 15 ste af en voltooi elke kant afsonderlik.
**Halsvorming:** Vermin volgens aanwysings op diagram.
Plaas steke op 'n stekehouer wanneer einde van diagram bereik is.
Voltooi tweede kant met omgekeerde vorming.

**AGTERPANT**
Soos voorpant, maar sonder vorming.

**BORDUURWERK**
Indien motiewe geborduur en nie ingebrei word nie, moet die borduurwerk in hierdie stadium gedoen word.

**AFWERKING**
Maas regverskouer toe.
**Halsboordjie:** Gebruik 4,50-mm-Ne en W, tel 190 ste uit halsrand op.
Slaan oor na blou en brei 8 rye ks; vermin vir halsvorming in elke ry 1 of 2 ste in die hoek van halsrand van voor- en agterpant.
Heg alle ste af en maas linkerskouer toe.

**ARMSGATBOORDJIES (2)**
Gebruik 3,50-mm-Ns en W en tel 120 ste op oor 20 cm aan weersk van skouernaat (d.w.s. 60 ste uit voorpant- en 60 ste uit agterpantrand).
Brei 4 rye 2-kleur-rif. Slaan oor na swart en brei 3 rye buisbreiwerk.
**Vlg ry:** Maas die steke een vir een weg.
Werk regtersynaat toe.

**MIDDELBOORD**
Gebruik 3,50-mm-Ne en W; verwyder rg soos jy vorder en tel die ste van voor- en agterpant op. Brei dan met DP en S 4 rye 2/2-tweekleur-rif, daarna 3 rye buis-st, heg volgens maasmetode af. Werk linkersynaat toe.


Onderbaadjie

## ONDERBAADJIE

**BENODIGDHEDE**
Elle DK (50-g-bolle); ongeveer 150 g wit (W), 50 g swart (S) en nog sowat 20 g elk blou (B), oranje (O), of geel (G); breinaalde van 3,50 en 4 mm; 4 swart knope; reserwenaald; stekehouer, paar gram resgare.

**MATE**
Om borsmaat van 87-92 cm te pas.

**SPANNING**
23 ste en 34 rye = 10 x 10 cm oor ks met 4-mm-Ne. Pas jou breinaalde by spanning aan, indien nodig.

**AFKORTINGS**
r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek (steke); N(e) – naald(e); beg – begin; rif – riffelsteek; ks – kousteek; herh – herhaal; vlg – volgende; R(V)K – regte (verkeerde) kan van werk; weersk – weerskante; buis-st – buissteek; gl – glip; gv – gare vorentoe; ga – gare agter; awg – aweregsgewys.

**2/2-rif:** riffelsteek in 2 kleure.
**1e ry:** *R2W, r2S tot einde.
**2e en alle ewe rye:** R die swart ste en aw die wit ste, voer die gare wat nie gebruik word nie aan VK saam.
**3e en alle onewe rye:** Brei kleure en ste soos hulle voorkom.
**Let wel:** Die blomme en motiewe kan ingebrei word, òf hulle kan met duplikaatsteek geborduur word.
**Buissteek** (word gebruik by opstel en afheg van steke, waar aangedui).
**Opstelry:** Met resgare, stel die helfte van benodigdhede ste plus 1 st op.
**1e ry:** Meg gare wat vir kledingstuk gebruik word, brei: R1, *gv, r1; herh van * tot einde.
**2e ry:** R1, *gv, gl 1 st awg, ga, r1; herh ▶

**Enige navrae oor brei- en hekelpatrone moet gerig word aan BREI EN HEKEL, *ROOI ROSE*, Posbus 32083, Mobeni, 4060 of skakel ons by (031) 42-2041 en vra vir *ROOI ROSE* Handwerk. Patrone is ook in Engels beskikbaar teen R2,50 per patroon. Rig u bestelling skriftelik aan bogenoemde adres. Betaling moet per tjek of posorder geskied.**




**BORDUURWERK**
Indien jy die motiewe wil borduur moet dit in hierdie stadium gedoen word.

**AFWERKING**
Maas albei skouernate toe.

**ARMSGATBOORDJIES (2)**
Gebruik 3,50-mm-Ne en W en tel 148 ste uit armsgatrand op. Brei 6 rye 2-kleur-rif. Slaan oor na S en brei 3 rye buis-st. Heg volgens maasmetode af.

**MIDDELBOORD**
Werk synate toe. Gebruik 3,50-mm-Ne en W, verwyder rg en tel algaan die ste uit opstelrand van voorpant, agterpant en tweede voorpant op. Brei 'n boordjie soos uiteengesit vir armsgat.

**BOORD VIR VOORPANTRANDE EN HALSRAND (aaneen)**
Gebruik 3,50-mm-Ne en W, tel uit 1e voorpantrand, halsrand en 2e voorpantrand altesaam 360 ste op. Brei soos uiteengesit vir boordjies, maar maak aan regtervoorpant in 3e ry 4 knoopsgate, eweredig gespasieer. Brei nog 3 rye met W, (6 rye altesaam) dan 3 rye buis-st met S en heg volgens maasmetode af. Werk knope teenoor knoopsgate vas.

**Diagram vir oortrektrui ▲**

**Diagram vir onderbaadjie ▶**

van * tot einde.
**3e ry:** Gl 1 st awg, *ga, r1, gv, sl 1 st awg; herh van * tot einde.
Herh 2e en 3e ry nog 1 keer. Brei dan voort in rif soos aangedui in patroon, verwyder resgare soos jy vorder.

**AGTERPANT**
Gebruik 4-mm-Ne en 'n stuk rg en stel 120 ste op.
Slaan oor na W en ks.
Raadpleeg diagram en brei 56 rye.
**Armsgatvorming:** Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye.
Vermin dan 1 st aan weersk van daaropvlg r-ry.
Vermin daarna 1 st aan weersk van elke vlg 6e ry, 13 keer altesaam.
Brei nog 2 rye en plaas ste op 'n reserwenaald.

**REGTERVOORPANT**
Gebruik 4-mm-Ne en rg en stel 57 ste op.
Slaan oor na W en ks. Volg aanwysings op diagram vir armsgat en skouervorming.
Plaas ste op 'n stekehouer wanneer regtervoorpant so lank soos agterpant is.

**LINKERVOORPANT**
Soos regtervoorpant, maar met omgekeerde vorming.

